



Oor standpunte en moraliteit in 'n haastige, onkundige wêreld

In 'n insiggewende bydrae in 'n bundel oor Christelike Etiek, vra die voormalige Aartsbiskop van Kantelberg, Rowan Williams: *Wat beteken dit om 'n keuse uit te oefen?* Dit is die vraag wat my vierdejaar teologiestudente hierdie kwartaal moes beantwoord.

Williams skryf dat vir 'n groot meerderheid mense, om 'n keuse te maak, neerkom op 'n winkelraksituasie: Jy, as individu, staan voor 'n spesifieke rak in 'n koswinkel (byvoorbeeld) en die verskillende opsies waaruit jy een kan kies, is duidelik, en tasbaar, en heeltemal onderskeibaar van mekaar. Metafories beteken dit jy kan byvoorbeeld voor 'n rak staan waarop daar meel en suiker en olie is en dat jy duidelik tussen die items kan onderskei, en ook kan weet watter een die beter koop is. Keuses is egter meer kompleks, want dikwels weet jy nie eens waaroor jy besig is om 'n keuse uit te oefen nie. Kies jy die meel of suiker of olie op grond van jou begroting? Op grond van dit wat jy vir aandete gaan maak? Of het iemand anders jou winkel toe gestuur? En sê nou daar is tien verskillende soorte olie ... kies jy die olie wat jy kan bekostig, die een wat eties vervaardig is, of die een wat die bekendste op die internet is? En, skryf Rowan Williams, ons onderskat die kompleksiteit van keuses – soveel te meer as dit kom by hoe ons oor 'n bepaalde saak standpunte vorm en hoe ons besluit oor die morele, inherente “regheid” of “verkeerdheid” van 'n besluit of optrede.

Om te weet waaroor dit is dat jy besig is om standpunt in te neem of 'n morele besluit te neem, behels volgens Williams twee aspekte: Die eerste een is selfkennis, en die tweede een is morele vorming. Selfkennis handel oor ons bewussyn van dit wat ons denke gevorm het, ons instinkte, die invloed van ons gesin en ons geloofsgemeenskap; ons psigologiese snellerpunte (*trigger points*) – dit alles is absoluut noodsaaklik om bewus te wees van die proses wat jy volg om 'n standpunt in te neem of 'n morele besluit te maak. Doen jy dit nie, dan ry jy die nuutste sosialemediagolf, leen jou ore uit, gebruik die Bybel soos 'n resepteboek, of aap die naaste geestelike leier na, al het jy nie al vir jouself daarvoor nagedink nie.

Die tweede aspek wat selfkennis komplementeer en in perspektief plaas, is morele vorming. Williams skryf dat morele debatvoering een van die belangrikste komponente is van morele vorming, want slegs deur blootgestel te word aan die opinies van ander, kan jy begin om morele onderskeidingsvermoë te ontwikkel. Debatte is belangrik, nie omdat jy gedwing moet word om standpunt in te neem nie, maar sodat jy blootgestel kan word aan hoe iemand redeneer. Dit het my laat dink aan daardie ou staaltjie wat baie teologiesedosente oor die wêreld heen vertel: iemand het eendag verby 'n muur in 'n treinstasie geloop. Op die muur was die slagspreuk geverf: *Jesus is die antwoord*. Die volgende dag het iemand anders onderaan geverf: *Maar, wat is die vraag?*

Om 'n standpunt in te neem en 'n morele besluit te neem, vra 'n weldeurdagte proses, en dit kan uiteraard van individu tot individu verskil. Dit gaan egter daaroor of jy as individu bewus is van al die verskillende aspekte wat op jou uiteindelijke standpunt of morele besluit inspeel.

Die ernstige probleme van ons tyd vra weldeurdagte, en bewustelike, besinning. Watter proses volg jy om 'n besluit te neem?

Prof Tanya van Wyk
(Medeprofessor in Sisteitiese Teologie en Christelike Etiek, UP)

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Lief en leed



Mev Martie Hattingh

- **Mev MF (Martie) Hattingh (voorheen Buitendag)** is Vrydag 7 April in die ouderdom van 90 jaar oorlede. Sy was getroud met ds FJH (Frikkie) Buitendag, 'n voormalige predikant van Gemeente Oos-Moot in Pretoria. Ds Frikkie het in 1990 emeritaat aanvaar en is in 2004 oorlede. Tannie Martie was in 1968, saam met ds Frikkie, een van die stigterslede van die gemeente. Buiten as predikantsvrou, het sy ook haar deel gedoen as onderwyseres by Staatspresident CR Swart, waar sy later 'n departementshoof geword het. Op 58-jarige ouderdom het sy 'n bevorderingspos na die Buro vir Kurrikulering en Evaluering van die Onderwysdepartement gekry. Op 60-jarige ouderdom het sy afgetree en as eiendomsagent by Operandi Eiendomme gewerk, totdat haar kragte begin afneem het weens 'n longsiekte. Sy was 'n merkwaardige vrou wat 'n groot rol in die gemeente, gemeenskap en baie mense se lewens gespeel het. Haar vriendelikheid, diensbereidheid en nederigheid het altyd uitgestaan in die vol lewe wat sy gelei het. Sy laat drie kinders, vier kleinkinders en een agterkleinkind na. Ons innige simpatie gaan aan mev Hattingh se naasbestaendes.


- **Ds JH (Jan) Prinsloo en sy vrou, Bets**, is op 6 April 1963 in Nylstroom getroud. Hulle het dus verlede week hul 60ste huweliksherdenking gevier. Baie geluk! **Op die foto** is hulle by die doop van hul agterkleinkind, Wilhelm, saam met hul kleindogter, Liza Jansen, en haar man Wilhelm, van Witbank-Suid. Liza is ook 'n predikant, net soos haar oupa.



- **Die volgende predikante verjaar tot 21 April, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 13 April: Prof AJ (Alex) Antonites (80) (emeritus), ds CB (Nardus) Enslin (59) (Rustenburg-Kloof) en GPJ (Gerrie) Grobler (79) (emeritus)
- Vrydag 14 April: Dr PJ (Pierre) Jacobs (37) (Gaborone), di JZ (Hans) Britz (56) (Standerton), R (Rue) Hopley (36) (Pretoria-Oos), JP (James) Jooste (71) (emeritus) en L (Lynette) Lötter (27) (Goudveld/Kroonstad/Odendaalsrus)
- Saterdag 15 April: Ds WH (Wessel) Swart (76) (emeritus)
- Sondag 16 April: Ds GPJ (Gerhard) Stoltz (49) (Sinodaal)
- Maandag 17 April: Ds J (Joleen) Marx (33) (beroepafwagting)
- Dinsdag 18 April: Ds JH (Hennie) Engelbrecht (33) (Derdepoort)
- Woensdag 19 April: Ds PJ (Pierre) Jacobs (63) (Outeniqua)
- Vrydag 21 April: Dr JA (Kobus) van Biljon (78) (emeritus) en ds EJA (Edzard) van Baalen (57) (Parkrand)

Gemeentes en bediening



Is jy,
of iemand wat jy ken
deel van die
Semi-grasie?

**Ons wil jou graag
verwelkom en
help tuis voel
in die KAAP**

Kontak ds Leanie Lemmer van NHK Bellville by
hervormersindiekaap@gmail.com

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (karen@nhk.co.za) asseblief teen 1 Mei bereik vir 12 Mei se Moderamenvergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.
- **Gemeente Losberg** is in Mei 1925 gestig. Oor twee jaar is die gemeente 100 jaar oud. Al die predikante wat nog met ons is, asook gemeentelede wat sedert 1925 by die gemeente betrokke was, word vriendelik versoek om enige inligting, foto's, staaltjies en gebeure waaroor hulle beskik, te stuur aan Frikkie Boshoff per e-pos (frikkiesan@gmail.com). Baie dankie by voorbaat!
- **Gemeente Naboomspruit: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur na nedhervkerknbs@gmail.com of Marlene kontak by 014 743 1325 tydens kantoorure (08:00-13:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is op die hoek van Vyfdelaan en Nelson Mandelarylaan in Naboomspruit.



Hervormer, trek jy Suid-Kaap toe?

Van Bredasdorp tot Beaufort-Wes,
en kuslangs tot Plettenbergbaai

Gemeentes Swellendam,
Oudeniqua, Mosselbaai of
Oudtshoorn
ontvang jou graag!

nhkswellendam@gmail.com
oudeniqua@nhk.co.za
gertmalan@telkom.net
nhk.oudtshoorn@gmail.com

- **WERKRUIMTE VIR VOLTYDSE BEDIENING: GEMEENTE LICHTENBURG**

Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie bedieningsruimte te vul.

Gemeente: Die gemeente is 131 jaar oud en het tans 594 belydende lidmate en 189 dooplidmate. Die gemeente beskik oor 'n kerkgebou, 'n gemeentesentrum, 'n aftreeoord en 'n ruim, gerieflike pastorie.

Leraarsprofiel: Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kudde. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente belangrik.

Aansoeke sluit op 30 April 2023. Aansoeke kan gestuur word na henkdutoit50@gmail.com. Enige navrae kan aan dieselfde adres gerig word. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie en behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot, en mag self ander kandidate nader.

- **Die SPE-museum en Gemeente Wonderboompoort** (waar die Museum in 'n 1905-kerkie geleë is) benodig **finansiële ondersteuning** vir die Kerkmuseum se restourasie. 'n Skenking aan hierdie liefdadigheidsprojek is belastingaftrekbaar. Kontak ds Carel Johann de Bruin by careljohann@gmail.com of 082 733 3951 indien u kan help, of gebruik hierdie bankbesonderhede:

NHK Wonderboompoort
Absa
Tjekrekening 630580048
Verwysing: Verf Museum
Kenningsgewing aan: careljohann@gmail.com


- Ds Carel Johann de Bruin vra ook: *Is daar enige ou en unieke speelgoed van dominees, predikantsvroue en kerklidmate wat vir die Museum geskenk kan word?* Kontak hom by careljohann@gmail.com of 082 733 3951.

Vergaderings

- Donderdag 13 April: Rata Finkom
Redaksie van *Die Hervormer*
Bestuurskomitee vir Kerklike Kommunikasie
- Vrydag 14 April: Moderamen
- Vrydag 21 April: Beleggingskomitee

Kerklike publikasies

- Die NHKA se **Almanak 2023** is uitverkoop. Daar is egter nog verskeie eksemplare van *Almanak 2022* beskikbaar, nou teen **R90 elk (versending uitgesluit)**. Hoewel van die besonderhede natuurlik verander het, is die *Almanak*-inligting nog grootliks bruikbaar. Die tekste in die **Bybelse Dagboek** is steeds opbouend en kan vir lesers inspirasie en hoop bring, al het die datums en kerklike feesdae intussen aangeskuif. Bestel by mev Sarie Roux, by boekwinkel@nhk.co.za.



'n Gedig

Kuur

dalk het die aarde minimaal
geswik in sy wenteling
dalk was daar in sy baan
'n bestemde wankeling

en deur die kleinste kier in tyd
deur 'n ruimtelike gleuf
glip 'n verworde virus uit
'n teistering sonder onderskeid

en die hele aarde word siek

diep verkweld en bang
die strate verlate
die bordjies verhang

in 'n kamer vol son
pak sy stillewes uit
vase en blomme en boeke
vrugte in bakke op bont tafeldoeke

met liggetinte water lê sy die gloed
deur die venster neer op papier
laai dan die kwas swaar met pigment
en skilder sorgsaam 'n kuur

Heilna du Plooy

(LitNet, 23 Februarie 2023)

Toerusting

- Die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering (**ADV**) nooi belangstellendes om in te skakel by 'n **virtuele aanbieding** oor die volgende tema: *Bestuur van die demografiese verskuiwing van kulture, gelowe en waardesisteme in gemeentes en gemeenskappe*. **Prof Jaco Beyers** doen die toeligtig. Dit vind plaas op **Dinsdag 18 April 2023 van 19:00 tot 21:00**. Registreer vooraf [hier](#). Daar is 'n beperkte aantal skakels beskikbaar.
- **Mentorskap-opleiding. NEEM ASSEBLIEF KENNIS:** Die datums moes vanweë aanbiederbeskikbaarheid aangepas word. Dit sal nie meer op 24 en 25 April 2023 plaasvind nie. **Die opleiding sal nou op 22 en 23 Mei 2023 van 09:00 tot 16:00 aanlyn plaasvind**. Die toerustingseleentheid is gratis. VBO-punte sal ook toegeken word. Dit is vir die Kerk belangrik om te belê in die opleiding, groei, ondersteuning en begeleiding van predikante. Alle belangstellendes is welkom. Kontak ds Lisa-Mari Prinsloo by lismari.swanepoel@gmail.com om jou plek te bespreek.

Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na stellenbosch@nhk.co.za vir meer inligting.
- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na nhkphiladelphia@gmail.com vir meer inligting.

Barmhartigheid

- **Belfast Rusoord.** Kom raak rustig in ons goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike seniorburgers. Ons bied 24-uur mediese versorging; CCTV; 24-uur-toegangsbeheer; drie gebalanseerde maaltye per dag; en aktiwiteite vir elkeen.
Semiversorgend: R6 180
Verswakte bejaardes: R6 720
Woonstelle (selfversorgend)
Enkelwoonstel (*Bachelor*): R2 830
Eenslaapkamer: R4 500
Tweeslaapkamer: R6 070
Kontak ons bestuurder vir enige navrae
Riana de Villiers 013 253 31211 / 063 663 7449 manager@belfastrusoord.co.za
- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede
Enkel- en deekamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
Verblyf met drie etes ingesluit
Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
24-uur-versorging onderhandelbaar
(maksimum R8 000 per maand deekamer)
Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
navrae@athalia.co.za
www.athalia.co.za
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
Eenslaapkamer: R515 000
1½-slaapkamer: R520 000
Tweeslaapkamer: R560 000
Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

Fondsinsamelings

- Daar is 'n **geleentheid vir 'n gemeente of individu** om by die nuwe **Centurion Boeremark op Saterdag** pannekoek en/of *jaffles* te verkoop. 'n Stalletjie kos R250 per Saterdag. Deposito R250 eenmalig en sertifikaat van Tshwane vir kosverkope eenmalig R920. Kontak Christo Potgieter by **072 737 3644**.
- **Benoryn Familielkerk bied aan:**
Frank Opperman: *Ek wens ek wens...*
Teks en regie: Phillip Rademeyer
Na die roman deur Zirk van den Berg
Saterdag 22 April 2023 om 19:00
Venue: Hoërskool Brandwag
R150
Navrae: Corne 083 391 1368
- **Gemeente Potchefstroom: Maandag 1 Mei 2023**
Noordwes Motorskou, Basaar en Antieke Meubelveiling
Groot verskeidenheid ou motors
Toegang: Volwassenes R40, skoolgaande kinders R10, voorskools gratis
Kunstenaars: Alan Ladd, Reinhard Venter en Jeanine Volschenk
Groot verskeidenheid kosprodukte te koop
Veiling van antieke meubels in die saal
Kom kuier saam van 09:00 tot 13:00 op die Kerkplein
Kontak die gemeentekantoor by 018 293 2672 vir meer inligting
- **Gemeente Oos-Moot**
Sangaand Vrydag 5 Mei 2023 om 19:00
R150 per persoon
Met Jannie du Toit en Helena Ceronio
Collinslaan 1265, Môregloed
Kaartjies te koop by die kerk, of kontak 083 384 3263
- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf nodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Hemelse Vader,
ek glo in die opstanding van Jesus.
U Seun het na die aarde gekom,
die sonde oorwin,
en uit die graf opgestaan.
Ek weet dat U by my is,
selfs nou in hierdie oomblik.

Ek vra vir u gesag oor my situasie.
Vader, wanneer ek alleen voel, vra ek vir u vertroosting.
Wanneer ek hartseer is, vra ek dat U weer vir my vreugde bring.
Wanneer ek verlore voel, vra ek dat U vir my die koers aandui.
In Jesus se Naam vra ek dit.
Amen.

DailyPrayerGuide.net

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)